

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Wednesday, 15 March 1967 WINDHOEK Woensdag, 15 Maart 1967 No. 2774

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:

- No. 8 Farm Road, District Luderitz: Proclamation of
No. 9 District Road, District Grootfontein: Proclamation of
No. 10 Roads, District Grootfontein: Proclamation and Closing of
No. 11 Main Road, District Warmbad: Proclamation and Closing of
No. 12 Farm Road, District Maltahöhe: Proclamation and Closing of
No. 13 Farm Road, District Omaruru: Proclamation of
No. 14 Roads, District Otjiwarongo: Proclamation of
No. 15 District Road, District Grootfontein: Proclamation and Closing of
No. 16 Roads, District Windhoek: Proclamation and Closing of
No. 17 Private Game Reserves: Proclamation of
No. 26 (Republic) Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928: Amendment of the Fourth Schedule

PROKLAMASIES:

- Plaaspad, Distrik Luderitz: Proklamering van . . . 352
Distrikspad, Distrik Grootfontein: Proklamering van 352
Paaie, Distrik Grootfontein: Proklamering en Sluiting van . . . 352
Grootpad, Distrik Warmbad: Proklamering en Sluiting van . . . 353
Plaaspad, Distrik Maltahöhe: Proklamering en Sluiting van . . . 354
Plaaspad, Distrik Omaruru: Proklamering van . . . 354
Paaie, Distrik Otjiwarongo: Proklamering van . . . 354
Distrikspad, Distrik Grootfontein: Proklamering en Sluiting van . . . 355
Paaie, Distrik Windhoek: Proklamering en Sluiting van 355
Private Wildreserwes: Proklamering van . . . 356
(Republiek) Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928: Wysiging van die Vierde Bylae . . . 356

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 40 Childrens' Ordinance, 1961: Amendment of Regulations
No. 41 Township of Otjiwarongo (Extension 1) Amendment of Conditions of Establishment
No. 42 Telegraph Regulations: Amendment
No. 43 Village Management Board Aranos: Amendment of Commonage Regulations
No. R. 126 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/89)
No. 148 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings
No. 159 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person Prohibited from Attending Gatherings
No. 160 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person Prohibited from Attending Gatherings
No. R. 162 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Name Removed from List Published in Government Notice R. 1907 of 1962
No. R. 190 (Republic) S.A. Railways: Amendment of Staff Regulations
No. R. 234 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/94)

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- Kinderordonnansie, 1961: Wysiging van die Regulasies 357
Dorp Otjiwarongo (Uitbreiding 1): Wysiging van Stigtingsvoorwaardes . . . 357
Telegraafregulasies: Wysiging . . . 358
Dorpsbestuur Aranos: Wysiging van Dorpsgrondregulasies . . . 358
(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/89) . . . 358
(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone Verbied om Byeenkomste by te Woon . . . 359
(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon Verbied om Byeenkomste by te Woon . . . 359
(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon Verbied om Byeenkomste by te Woon . . . 360
(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Naam verwyder van Lys wat gepubliseer is in Goewermentskennisgewing R. 1907 van 1962 . . . 360
(Republiek) S.A. Spoorweë: Wysiging van Personeelregulasies . . . 360
(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/94) . . . 360

No. R. 235	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/95)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/95)	361
No. R. 236	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/28)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/28)	362
No. R. 237	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 6 (No. 6/13)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 6 (No. 6/13)	362
No. R. 274	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/90)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/90)	363
No. R. 288	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/96)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/96)	363
No. R. 289	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/29)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/29)	364
No. R. 297	(Republic) S.A. Medical and Dental Council: Rules for the Registration of Phychometrists	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die Registrasie van Psigometrici	364
No. R. 298	(Republic) S.A. Pharmacy Board: Rules Regarding Conduct of which the Board may take Cognisance	(Republiek) S.A. Aptekerskommissie: Reëls ten Op sigte van Handelingte waarvan die Kommissie Kennis kan Neem	365
No. R. 305	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/91)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/91)	365
No. R. 306	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/97)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/97)	366
No. R. 307	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/30)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/30)	366
No. R. 308	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/31)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/31)	367
No. R. 309	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 5 (No. 5/26)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 5 (No. 5/26)	367

GENERAL NOTICES:

No. 22	Mines: Withdrawal from Pegging: District Warmbad
No. 23	Mines: Withdrawal from Pegging: District Grootfontein
No. 24	Mines: Withdrawal from Pegging: District Warmbad
No. 25	Mines: Withdrawal from Pegging: District Omaruru
No. 26	Mines: Withdrawal from Pegging: District Outjo
No. 27	Mines: Withdrawal from Pegging: District Rehoboth
No. 28	Mines: Withdrawal from Pegging: District Walvis Bay
No. 29	Mines: Withdrawal from Pegging: District Karibib
No. 30	Mines: Withdrawal from Pegging: Districts Gobabis, Rehoboth and Windhoek
No. 31	Mines: Withdrawal from Pegging: District Windhoek
No. 32	Mines: Withdrawal from Pegging: District Windhoek
No. 33	Mines: Withdrawal from Pegging: District Karibib
No. 34	Companies Registered etc., during February 1967
No. 111	(Republic) Building Societies Returns — December 1966
No. 128	(Republic) S.A. Bureau of Standards: Amendment of Specifications
No. 129	(Republic) S.A. Bureau of Standards: Declaration of Standardization Mark
No. 130	(Republic) S.A. Bureau of Standards: Permit Fees
No. 134	(Republic) S.A. Bureau of Standards: Amended Permit Fees

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Warmbad	368
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Grootfontein	369
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Warmbad	369
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Omaruru	369
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Outjo	369
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Rehoboth	369
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Walvisbaai	369
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Karibib	370
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrikte Gobabis, Rehoboth en Windhoek	370
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Windhoek	370
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Windhoek	371
Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Karibib	371
Maatskappye Geregistreer ens. gedurende Februarie 1967	371
(Republiek) Bouverenigingsopgawes — Desember 1966	372
(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Wysiging van Spesifikasies	373
(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Verklaring van Standaardmerk	374
(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Permitgelde	375
(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Gewysigde Permitgelde	376

ADVERTISEMENTS:

Sstate Notices Etc.	
---------------------	--

ADVERTENSIES:

Boedelkennisgewings ens., ens.	377
--------------------------------	-----

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 8 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that farm road 705 in the Luderitz district as described in schedule II of Proclamation 53 of 1954 shall be extended from a point on the old main road 35 on Aus Townlands 36 generally southwards across Aus Townlands 36 to connect with trunk road 4, section 1, at a point on the said townlands.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 9 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the following road in the Grootfontein district shall be an extension of district road 2908:—

From a point on district road 3016 where district road 2908 connects with it on the farm 1045 generally northwards across the farms 1045, 1046 and state land to a point near the headquarters in the quarantine camp on state land.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 10 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the roads in the Grootfontein district as described in schedule I hereto shall be closed; the road described in schedule II shall be a district road and the roads described in schedule III shall be farm roads.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

SCHEDULE I.*Description of road:*

The road described as an extension of district road 2840 in Proclamation 41 of 1956.

The road described as district road 2862 in Proclamation 44 of 1957.

Portion closed:

From a point on district road 2840 near the headquarters in Otjituu Native Reserve 235 generally eastwards across Otjituu Native Reserve 235 and the farm O'Woesteny 956 to a point near the outpost on the last-mentioned farm.

From a point where district road 2874 connects with district road 2862 on the farm Onjama 952 generally southwards across the farms On-

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 8 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat plaaspad 705 in die distrik Luderitz soos beskryf in bylae II van Proklamasie 53 van 1954 verleng word van 'n punt op die ou grootpad 35 op Aus-dorpsgrond 36 algemeen suidwaarts oor Aus-dorpsgrond 36 om aan te sluit met hoofpad 4, seksie 1, by 'n punt op genoemde dorpsgrond.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 9 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik Grootfontein 'n verlenging van distrikspad 2908 is:—

Van 'n punt op distrikspad 3016 waar distrikspad 2908 daarby aansluit op die plaas 1045 algemeen noordwaarts oor die plase 1045, 1046 en staatsgrond tot by 'n punt naby die hoofkwartier in die kwarantynkamp op staatsgrond.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 10 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die paaie in die distrik Grootfontein soos beskryf in bylae I hiervan gesluit word; die pad beskryf in bylae II 'n distrikspad is en die paaie beskryf in bylae III plaaspaie is.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

BYLAE I.*Beskrywing van pad:*

Die pad beskryf as 'n verlenging van distrikspad 2840 in Proklamasie 41 van 1956.

Die pad beskryf as distrikspad 2862 in Proklamasie 44 van 1957.

Geslote gedeelte:

Van 'n punt op distrikspad 2840 naby die hoofkwartier in Naturelleserwe Otjituu 235 algemeen weswaarts oor Naturelleserwe Otjituu 235 en die plaas O'Woesteny 956 tot by 'n punt naby die veepos op laasgenoemde plaas.

Van 'n punt waar distrikspad 2874 aansluit by distrikspad 2862 op die plaas Onjama 952 algemeen suidwaarts oor die plase Onjama 952, Oor-

jama 952, Oorkant 953, Swarthaak 958, Sandplaas 959 and Klapperhof 960 to a point on the last-mentioned farm.

The road described as farm road 2888 in Proclamation 70 of 1960. The whole.

SCHEDULE II.

District road 2803:

From a point on district road 2874 on the farm Eden 949 generally southeastwards across the farms Eden 949, Omatako 954, the southwestern corner of Oorkant 953 and Swarthaak 958 to where it connects with farm road 2888 at a point on the last-mentioned farm.

SCHEDULE III.

Farm road 2811:

From a point on farm road 2888 on the farm Wildernis 957 generally southeastwards and west of the eastern boundaries across the farms Wildernis 957 and Sandplaas 959 to a point on the northern boundary of the farm Klapperhof 960.

Farm road 2888:

From a point near the headquarters in Otjituuo Native Reserve 235 generally east and northeastwards across Otjituuo Native Reserve 235 and the farms O'Woesteny 956, Wildernis 957 and Swarthaak 958 to a point on the last-mentioned farm; thence generally northwards across the farms Swarthaak 958, Oorkant 953 and Onjama 952 to where it connects with district road 2862 at a point on the last-mentioned farm.

No. 11 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the road in the Warmbad district as described in schedule I hereto shall be closed and the road described in schedule II shall be a portion of main road 25.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

SCHEDULE I.

Description of road:

The road described as main road 25 in schedule II of Proclamation 36 of 1953.

Portion closed:

From a point on the northern boundary of the urban area of the town Karasburg generally north-northeastwards in the Warmbad district across the farms Portion 7 of Portion A of Kalkfontein West 48, Portion 13 of Portion A of Kalkfontein West 48, Obub 47, western corner of Portion 3 called Skaaprivier of Amas 46, Spes Bona 21 and Nanzes 22 to a point on the last-mentioned farm; thence generally east-northeastwards across the farms Nanzes 22, Portion B of Uitkomst 25, Portion A of Uitkomst 25, Duurdrift Nord 26, Blinkoog 30 and Duurdrift Nord 26 to a point near the homestead on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II.

Portion of main road 25:

From a point on trunk road 3, section 1, on the western boundary of the farm Portion 26 of Portion A of

kant 953, Swarthaak 958, Sandplaas 959 en Klapperhof 960 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas.

Die pad beskryf as plaaspad 2888 in Proklamasie 70 van 1960. Die hele.

BYLAE II.

Distrikspad 2803:

Van 'n punt op distrikspad 2874 op die plaas Eden 949 algemeen suidooswaarts oor die plase Eden 949, Omatako 954, die suidwestelike hoek van Oorkant 953 en Swarthaak 958 tot waar dit aansluit by plaaspad 2888 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

BYLAE III.

Plaaspad 2811:

Van 'n punt op plaaspad 2888 op die plaas Wildernis 957 algemeen suidooswaarts en wes van die oostelike grense van die plase Wildernis 957 en Sandplaas 959 tot by 'n punt op die noordelike grens van die plaas Klapperhof 960.

Plaaspad 2888:

Van 'n punt naby die hoofkwartier in Naturelleserewe Otjituuo 235 algemeen oos- en noordooswaarts oor Naturelleserewe Otjituuo 235 en die plase O'Woesteny 956, Wildernis 957 en Swarthaak 958 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; vandaar algemeen noordwaarts oor die plase Swarthaak 958, Oorkant 953 en Onjama 952 tot waar dit aansluit by distrikspad 2862 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

No. 11 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Warmbad soos beskryf in bylae I hiervan gesluit word en die pad beskryf in bylae II 'n gedeelte van grootpad 25 is.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

BYLAE I.

Beskrywing van pad:

Die pad beskryf as grootpad 25 in bylae II van Proklamasie 36 van 1953.

Geslote gedeelte:

Van 'n punt op die noordelike grens van die stedelike gebied van die dorp Karasburg algemeen noordnoordooswaarts in die distrik Warmbad oor die plase Gedeelte 7 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, Gedeelte 13 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, Obub 47, westelike hoek van Gedeelte 3 genoem Skaaprivier van Amas 46, Spes Bona 21 en Nanzes 22 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen oosnoordooswaarts oor die plase Nanzes 22, Gedeelte B van Uitkomst 25, Gedeelte A van Uitkomst 25, Duurdrift Nord 26, Blinkoog 30 en Duurdrift Nord 26 tot by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

Gedeelte van Grootpad 25:

Van 'n punt op hoofpad 3, seksie 1, op die westelike grens van die plaas Gedeelte 26 van Gedeelte A van Kalk-

Kalkfontein West 48 generally east- and northeastwards in the Warmbad district across the farms Portion 26 of Portion A of Kalkfontein West 48, Portion 12 of Portion A of Kalkfontein West 48, the southeastern corner of Portion 10 of Portion A of Kalkfontein West 48, Portion 13 of Portion A of Kalkfontein West 48, Obub 47, western corner of Portion 3 called Skaaprivier of Amas 46, Spes Bona 21, Nanzes 22, Portion B of Uitkomst 25, Portion A of Uitkomst 25 and Duurdrift Nord 26 to where it connects with the existing main road 25 at a point near the homestead on the last-mentioned farm.

fontein West 48 algemeen oos- en noordooswaarts in die distrik Warmbad oor die plase Gedeelte 26 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, Gedeelte 12 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, die suidoostelike hoek van Gedeelte 10 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, Gedeelte 13 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, Obub 47, westelike hoek van Gedeelte 3 genoem Skaaprivier van Amas 46, Spes Bona 21, Nanzes 22, Gedeelte B van Uitkomst 25, Gedeelte A van Uitkomst 25 en Duurdrift Nord 26 tot waar dit aansluit by bestaande grootpad 25 by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas.

No. 12 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the following portion of farm road 870 in the Maltahöhe district, as described in schedule II of Proclamation 53 of 1959, shall be closed:—

From a point on district road 414 on the farm Züderecke 63 generally north-westwards across the farms Züderecke 63 and Zackenberge 64 to a point near the homestead on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 12 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die volgende gedeelte van plaaspad 870 in die distrik Maltahöhe, soos beskryf in bylae II van Proklamasie 53 van 1959, gesluit word:—

Van 'n punt op distrikspad 414 op die plaas Züderecke 63 algemeen noordweswaarts oor die plase Züderecke 63 en Zackenberge 64 tot by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 13 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the following road in the Omaruru district shall be farm road 2310:—

From a point on trunk road 2, section 3 on Portion B of Omaruru Townlands 85 generally south-westwards across Portion B of Omaruru Townlands 85 and Portion 6 called Ozombimbambo of Portion B of Omaruru Townlands 85 to a point on the northern boundary of the farm Hooggenoeg 170.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 13 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik Omaruru plaaspad 2310 is:—

Van 'n punt op hoofpad 2, seksie 3 op Gedeelte B van Omaruru-dorpsgrond 85 algemeen suidweswaarts oor Gedeelte B van Omaruru-dorpsgrond 85 en Gedeelte 6 genoem Ozombimbambo van Gedeelte B van Omaruru-dorpsgrond 85 tot by 'n punt op die noordelike grens van die plaas Hooggenoeg 170.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 14 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the road in Otjiwarongo district, as described in schedule I hereof shall be closed; the road described in schedule II shall be a new portion of district road 2441 and the road described in schedule III shall be an extension of farm road 2445.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

SCHEDULE I.

Description of Road:	Portion closed:
The road described as district road 2441 in schedule II of Proclamation 61 of 1954.	From a point on district road 2441 on the western boundary of the farm Klein Hamakari 286 generally north-eastwards across the farms Klein Hamakari 286 and Ha-

No. 14 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Otjiwarongo soos beskryf in Bylae I hiervan gesluit word; die pad beskryf in bylae II 'n nuwe gedeelte van distrikspad 2441 is en die pad beskryf in Bylae III, 'n verlenging van plaaspad 2445 is.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

BYLAE I.

Beskrywing van pad:	Geslote gedeelte:
Die pad beskryf as distrikspad 2441 in Bylae III van Proklamasie 61 van 1954.	Van 'n punt op distrikspad 2441 op die westelike grens van die plaas Klein Hamakari 286 algemeen noord-ooswaarts oor die plase Klein Hamakari 286 en Hamakari

makari 285 to a point on the last-mentioned farm; thence generally south-eastwards across the farms Hamakari 285 and Hamakari Süd 373 to a point near the northern boundary of the last-mentioned farm; thence generally north-eastwards across the farm Hamakari Süd 373 to a point on the eastern boundary of the last-mentioned farm.

SCHEDULE II.

New portion of district road 2441:

From a point on district road 2441 on the western boundary of the farm Klein Hamakari 286 generally east-north-eastwards across the farms Klein Hamakari 286 Hamakari 285 and Waterberg East Native Reserve 341 to a point at Okakarara.

SCHEDULE III.

Extension of farm road 2445:

From a point on farm road 2445 on the northern boundary of the farm Hamakari Süd 373 generally north-eastwards across the farms Hamakari Süd 373 and Hamakari 285 to where it connects with district road 2441 at a point on the last-mentioned farm.

No. 15 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the road in the Grootfontein District described as district road 2870 in schedule III of Proclamation 19 of 1954, shall be closed.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 16 of 1967.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the roads in the Windhoek district described in the schedule hereto shall be closed.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 13th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

SCHEDULE.

Description of road: *Portion closed:*

The road described as a new portion of trunk road 6, section 1 in schedule I of Proclamation 66 of 1959. The whole.

The road described as a new portion of main road 53 in schedule II of Proclamation 66 of 1959. The whole.

285 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen suidooswaarts oor die plase Hamakari 285 en Hamakari Süd 373 tot by 'n punt naby die noordelike grens van laasgenoemde plaas; vandaar noord-ooswaarts oor die plaas Hamakari Süd 373 tot by 'n punt op die oostelike grens van laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

Nuwe gedeelte van distrikspad 2441:

Van 'n punt op distrikspad 2441 op die westelike grens van die plaas Klein Hamakari 286 algemeen oosnoordooswaarts oor die plase Klein Hamakari 286, Hamakari 285 en Naturelle-reservaat Waterberg-Oos 341 tot by 'n punt te Okakarara.

BYLAE III.

Verlenging van plaaspad 2445:

Van 'n punt op plaaspad 2445 by die noordelike grens van die plaas Hamakari Süd 373 algemeen noord-ooswaarts oor die plase Hamakari Süd 373 en Hamakari 285 tot waar dit aansluit by distrikspad 2441 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

No. 15 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Grootfontein beskryf as distrikspad 2870 in bylae III van Proklamasie 19 van 1954, gesluit word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie, 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 16 van 1967.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die paaie in die distrik Windhoek beskryf in die bylae hiervan, gesluit word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 13de dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

BYLAE.

Beskrywing van pad: *Geslote gedeelte:*

Die pad beskryf as 'n nuwe gedeelte van hoofpad 6, seksie 1, in bylae I van Proklamasie 66 van 1959. Die hele.

Die pad beskryf as 'n nuwe gedeelte van grootpad 53 in bylae II van Proklamasie 66 van 1959. Die hele.

No. 17 of 1967.]

WHEREAS by section *fifteen* of the Game Parks, Nature Parks and Private Game Reserves Ordinance, 1958 (Ordinance 18 of 1958) as amended, it is provided that the Administrator may by proclamation in the Official Gazette declare any defined area to be a private game reserve;

AND WHEREAS the requirements set out in paragraphs (a) and (b) of section *fifteen* of the said Ordinance and those mentioned in regulations 23, 24 and 25 of the regulations published under Government Notice 152 of 1959 have been complied with and no objections were received within the prescribed period of three months;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the abovementioned powers, I do hereby declare that the areas defined in the schedule hereto shall henceforth be private game reserves falling under the provisions of the said Ordinance and that these private game reserves shall be known by the names set out in the said schedule.

Given under my hand and seal at Windhoek, on this the 24th day of February, 1967.

W. C. DU PLESSIS,

Administrator

SCHEDULE.

Bambi Private Game Reserve.

The farms Welgedacht 593, measuring 6,732 ha., and Manina 335, measuring 1,575 ha., in the district of Gobabis.

Onduno Private Game Reserve.

The farms Onduno 43, measuring 6,100 ha., Kaujetupa 42, measuring 4,000 ha., and Hochfels 41 Portion II, measuring 3,000 ha. situate in the district of Windhoek.

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 26 of 1967 (Republic).]

AMENDMENT OF THE FOURTH SCHEDULE TO THE MEDICAL, DENTAL AND PHARMACY ACT, 1928 (ACT NO. 13 OF 1928).

Under the powers vested in me by sub-section (3) of section *forty-eight* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), read with section *ninety-four* of the said Act, on the recommendation of the South African Medical and Dental Council and the South African Pharmacy Board, as provided in the said section, I hereby amend the Fourth Schedule to the said Act, as amended by Proclamations Nos. 299 of 1962, 74 and 187 of 1964, 1 of 1965, and 1 of 1966 as follows:—

Division I.

By the addition of "O, O-dimethyl-S-[2 methoxy-1, 3, 4-thiadiazole-5 (4H)-onyl-(4)-methyl] dithiophosphate".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-fifth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

A. HERTZOG.

No. 17 van 1967.]

NADEMAAL daar by artikel *vyftien* van die Ordonnansie op Wildtuine, Natuurtuine en Private Wildreserwes 1958 (Ordonnansie 18 van 1958), soos gewysig, bepaal word dat die Administrateur by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* 'n omskrewe gebied tot 'n private wildreserwe kan verklaar;

EN NADEMAAL daar aan die vereistes uiteengesit in paragrafe (a) en (b) van artikel *vyftien* van voormelde Ordonnansie en dié genoem in regulasies 23, 24 en 25 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 152 van 1959 voldoen is, en daar geen beswaar binne die voorgeskrewe tydperk van drie maande ontvang is nie;

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge voornoemde bevoegdheid, hierby verklaar dat die gebiede in die bylae tot hierdie Proklamasie omskrywe voortaan private wildreserwes is waarop die bepaling van genoemde Ordonnansie van toepassing is, en dat genoemde private wildreserwes bekend sal staan onder die onderskeie name in genoemde bylae uiteengesit.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 24ste dag van Februarie 1967.

W. C. DU PLESSIS,

Administrateur

BYLAE.

Bambi Private Wildreserwe.

Die plase Welgedacht 593 en Manina 335, geleë in die distrik Gobabis, groot 6,732 ha., en 1,575 ha. onderskeidelik.

Onduno Private Wildreserwe.

Die plase Onduno 43, Kaujetupa 42, Hochfels 41 deel II, geleë in die distrik Windhoek, groot 6,100 ha, 4,000 ha. en 3,000 ha onderskeidelik.

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 26 van 1967 (Republiek).]

WYSIGING VAN DIE VIERDE BYLAE VAN DIE WET OP GENEESHERE, TANDARTSE EN APTEKERS, 1928 (WET NO. 13 VAN 1928).

Kragtens subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), gelees met artikel *vier-en-negentig* van genoemde Wet, wysig ek hierby op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheekkundige Raad en die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie, soos in genoemde artikel bepaal, die Vierde Bylae van genoemde Wet, soos gewysig by Proklamasies Nos. 299 van 1962, 74 en 187 van 1964, 61 van 1965, en 1 van 1966 soos volg:—

Afdeling I.

Deur die byvoeging van "O, O-dimetiël-S-[2 metoksi-1, 3, 4-tiadiasool-5 (4H)-oniel-(4)-metiël] ditiofosfaat".

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyf-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

A. HERTZOG.

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 40.]

[15 March 1967

REGULATIONS UNDER THE CHILDREN'S ORDINANCE, 1961 (ORDINANCE 31 OF 1961)

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 90 of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) as amended, to publish the following amendments to the regulations published under Government Notice 75 dated 7 May, 1962, as amended, with effect from the first day of January 1967.

1. Regulation 65 (1) is hereby amended by the deletion of the proviso to paragraph (a).
2. Regulation 70 (2) is hereby amended by the substitution for the amount of R17 of the amount of R32 where it appears in sub-paragraphs (i) and (iii).
3. Regulation 72 is hereby amended by the substitution therefor of the following regulation:—

„72 (1) The maximum capitation grants payable in terms of paragraph C of sub-regulation (1) of regulation 62 is as follows:

(a) Ordinary rate in respect of

	<i>Per child per month</i>
(i) Whites	R24-00
(ii) Coloureds	R 9-50

(b) Special scale (grants-in-aid of the maintenance of a child with physical, intellectual or mental disabilities or for deviate children) in respect of

	<i>Per child per month</i>
(i) Whites	R26-00
(ii) Coloureds	R10-50

72 (2) The Administrator may under exceptional circumstances make grants at rates higher than those prescribed in sub-regulation (1) of this regulation.”

4. Regulation 75 (i) is hereby amended by —
 - (a) the deletion of paragraph (a) in its entirety; and
 - (b) the renumbering of paragraphs (b) and (c) to (a) and (b) respectively.

No. 41.]

[15 March, 1967

OTJIWARONGO TOWNSHIP EXTENSION NO. 1:

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested to amend the schedule to Proclamation 16 of 1961 as follows by —

- (a) the insertion of the numbers „641-689” after „521” in Clause 3 (b) and the deletion of the word „both”;
- (b) the addition of the numbers „641-689” to Clause C.

No. 40.]

[15 Maart 1967

REGULASIES INGEVOLGE DIE KINDERORDONNANSIE 1961 (ORDONNANSIE 31 VAN 1961)

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 90 van die Kinderordonnansie 1961, (Ordonnansie 31 van 1961) soos gewysig, die volgende wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 75 van 7 Mei 1962, soos gewysig, met ingang van die eerste dag van Januarie 1967 af te kondig.

1. Regulasie 65 (1) word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) te skrap.
2. Regulasie 70 (2) word hierby gewysig deur die bedrag van R17, waar dit in subparagraawe (i) en (iii) voorkom, deur die bedrag van R32 te vervang.
3. Regulasie 72 word hierby gewysig deur dit deur die volgende regulasie te vervang:—

„72 (1) Die maksimum hoofdelike toelae wat ingevolge paragraaf C van subregulasie (1) van regulasie 62 betaal kan word, is soos volg —

(a) Gewone skaal ten opsigte van

	<i>Per kind per maand</i>
(i) Blankes	R24-00
(ii) Kleurlinge	R 9-50

(b) Spesiale skaal (hulptoelae vir die onderhoud van 'n kind met liggaamlike, verstandelike of geestesgebreke of van afwykende kinders) ten opsigte van —

	<i>Per kind per maand</i>
(i) Blankes	R26-00
(ii) Kleurlinge	R10-50

72. (2) Die Administrateur kan onder buitengewone omstandighede, toelae toestaan teen hoër skale as dié wat by subregulasie (1) van hierdie regulasie voorgeskryf word.”

4. Regulasie 75 (i) word hierby gewysig deur —
 - (a) paragraaf (a) in sy geheel te skrap; en
 - (b) paragraawe (b) en (c) te hernoem na (a) en (b) onderskeidelik.

No. 41.]

[15 Maart 1967

DORP OTJIWARONGO UITBREIDING NO. 1:

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid wat hom verleen is, die bylae tot Proklamasie 16 van 1961 soos volg te wysig deur —

- (a) die invoeging van die nommers „641-689” na „521” en die skraping van die woorde „en met” in klousule 3 (b);
- (b) die byvoeging van die nommers „641-689” in klousule C.

No. 42.] [15 March 1967

The Administrator has been pleased, in terms of subsection (4) of section *two* and section *three* of the Post Office Ordinance No. 30 of 1963, to approve that the Telegraph Regulations published in Government Notice 22 of 1961, as amended, be further amended by:—

Insert the following in alphabetical order under the heading "International Telex Service: Tariff List:—"

Bolivia	8.55	2.85	.50
Ceylon	8.55	2.85	.50

No. 43.] [15 March 1967

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), to approve the undermentioned amendments of the regulations published under Government Notice 207 of 1958.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF ARANOS.
AMENDMENT OF COMMONAGE REGULATIONS.

- A. Delete the tariffs in regulation 4 (a) and (b) and substitute the following tariffs therefor:
 - (a) Large stock 25c per head per month
 - (b) Small stock 7c per head per month
- B. By insertion of the following sub-regulation after regulation 4 (b):
 - “(c) For the supply of water at common watering-place
 - (i) Large stock — 1c per head per drinking
 - (ii) Small stock — 10c per 100 per drinking
- C. By substitution of the tariff 5d and 2/- in regulation 6 by the tariff 6c and 25c respectively.

No. R. 126 (Republic).] [3 February 1967

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/89).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty			V Preferential
		General	M.F.N.		
87.06 By the substitution for sub-heading No. 87.06.85 of the following: “87.06.85 Track link assemblies (with or without shoes), identifiable for use solely or principally with tracklaying tractors; parts thereof: .10 Track link assemblies, with or without shoes .20 Track pins and bushes therefor .90 Other	lb.	20%			
	lb.	20%			
	lb.	free”			

No. 42.] [15 Maart 1967

Dit het die Administrateur behaag om kragtens subartikel (4) van artikel *twee* en artikel *drie* van die Posordonnansie No. 30 van 1963, sy goedkeuring daaraan te heg dat die Telegraafregulasies soos gepubliseer in Goewernmentskennisgewing 22 van 1961, soos gewysig, verder gewysig word deur:—

Voeg die volgende by in alfabetiese orde onder die opskrif „Internasionale Teleksdiens: Tarieflys”:—

Bolivia	8.55	2.85	.50
Ceylon	8.55	2.85	.50

No. 43.] [15 Maart, 1967

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die ondergenoemde wysiging van die regulasies afgekondig by Goewernmentskennisgewing 207 van 1958.

DORPSBESTUUR ARANOS.

WYSIGING VAN DORPSGROND-REGULASIES.

- A. Die tariewe genoem in regulasie 4 (a) en (b) word geskrap en deur die volgende nuwe tariewe vervang:—
 - (a) Grootvee 25c per kop per maand
 - (b) Kleinvee 7c per kop per maand
- B. Deur die invoeging van die volgende subregulasie na regulasie 4 (b):
 - „(c) Vir die verskaffing van water by die openbare suiping:
 - (i) Grootvee 1c per kop per suiping
 - (ii) Kleinvee 10c per 100 per suiping
- C. Deur die vervanging van die tarief 5d en 2/- in regulasie 6 met die bedrae 6c en 25c onderskeidelik.

No. R. 126 (Republiek).] [3 Februarie 1967

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/89).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg		V Voorkeur
		Algemeen	M.B.N.	
87.06 Deur subpos No. 87.06.85 deur die volgende te vervang: „87.06.85 Rusperskakelsamestelle (met of sonder loopvlakskoene), uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met kruiptrekkers; onderdele daarvan: .10 Rusperskakelsamestelle, met of sonder loopvlakskoene .20 Skakelpenne en busse daarvoor .90 Ander	lb.	20%		
	lb.	20%		
	lb.	vry”		

NOTE — The duty on track link assemblies (with or without shoes) identifiable for use solely or principally with tracklaying tractors, is increased from free to 20%.

OPMERKING — Die reg op rusperskakelsamestelle (met of sonder loopvlakskoene), uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met kruiptrekkers, word van vry na 20% verhoog.

No. 148 (Republic).]

[10 February 1967

No. 148 (Republiek).]

[10 Februarie 1967

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section *nine* (1) of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel *nege* (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which Notice was Delivered Datum waarop kennis- gewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop kennis- gewing verstryk
Banca, Sangxeke Alfred	Bengu Location/- <i>lokasie</i> , Lady Frere	4/1/67	31/12/68
Mrwetyana, Livingstone Mhlubi	"Welcome Valley", Macibini Location /- <i>lokasie</i> , District of/ <i>distrik</i> Glen Grey	4/1/67	31/12/68

No. 159 (Republic).]

[10 February 1967

No. 159 (Republiek).]

[10 Februarie 1967

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of a notice issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned person was prohibited from attending gatherings:—

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which Notice was Delivered Datum waarop kennis- gewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop kennis- gewing verstryk
Magoba, Stanley Mmutlayane	Pokwani Location/- <i>lokasie</i> , P.O./Pk. Nebo	12/1/67	31/12/68

No. 160 (Republic).]

[10 February 1967

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section *nine* (1) of the said Act whereby the undermentioned person was prohibited from attending gatherings:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which Notice was Delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Finkelstein, Joseph Victor Beryl . .	131 Berea Towers, Abel Road/-weg, Berea, Johannesburg	20/1/67	29/2/72

No. R. 162 (Republic).]

[10 February 1967

Notice is hereby given in terms of section 8 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), that the name contained in the Schedule hereto has been removed from the list published in Government Notice No. R. 1907, dated 16th November, 1962.

SCHEDULE.

Andrews, Barend Johannes, *alias* Barend Christian Andrews.

No. R. 190 (Republic).]

[17 February 1967

The State President has, in terms of section *thirty-two* of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Staff Regulations, published in Government Notice No. R. 1045 of 15th July, 1960, as amended, being further amended as follows:

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(Operative from 1st December, 1966.)

Regulation No. 93.

In paragraph (2) delete the comma after "officer" and the words "other than a policeman".

Delete paragraph (3) and renumber paragraphs (4), (5), (6), (7), (8) and (9) to read (3), (4), (5), (6), (7) and (8) respectively.

No. R. 234 (Republic).]

[24 February 1967

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/94).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend

No. 160 (Republiek).]

[10 Februarie 1967

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel *nege* (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon:—

No. R. 162 (Republiek).]

[10 Februarie 1967

Hierby word ingevolge artikel 8 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), kennis gegee dat die naam vervat in die Bylae hiervan geskrap is van die lys wat by Goewermentskennisgewing No. R. 1907 van 16 November 1962 afgekondig is.

BYLAE.

Andrews, Barend Johannes, *alias* Barend Christian Andrews.

No. R. 190 (Republiek).]

[17 Februarie 1967

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet No. 22 van 1960), goedkeuring daaraan te verleen dat die Personeelregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, gepubliseer in Goewermentskennisgewing no. R. 1045 van 15 Julie 1960, soos gewysig, soos volg verder gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEEË.

PERSONEELREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

(Van krag van 1 Desember 1966.)

Regulasie no. 93.

In paragraaf (2) skrap die komma na „amptenaar” asook die woorde „behalwe ’n polisiebeampte.”.

Skrap paragraaf (3) en hernommer paragrawe (4), (5), (6), (7), (8) en (9) onderskeidelik na (3), (4), (5), (6), (7) en (8).

No. R. 234 (Republiek).]

[24 Februarie 1967

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/94).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansas, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet. 1964. wwsig

Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate
305.01	By the insertion after tariff heading No. 29.31 of the following: "34.02 Petroleum sulphonate, for use in the flotation process	Full duty"

NOTE — Provision is made for a rebate of the full duty on petroleum sulphonate, for use in the flotation process.

No. R. 235 (Republic).] [24 February 1967

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/95).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate
307.01	By the insertion before tariff heading No. 15.07 of the following: "13.03 Cashew nutshell liquid	Full duty"
316.07	By the substitution for tariff heading No. 85.09 of the following: "85.09 Parts (excluding coils, horn anchors, horn housings, horn lids, magnet plates for horns, horn oscillators, parts of motor cycle horns and unassembled horns, complete or incomplete), for the manufacture of horns	Full duty"
318.04	By the insertion after item 318.03 of the following: "318.04 Industry: Prepared sound and similar recording media 28.23 Iron oxide, for the manufacture of magnetic recording tape 39.01 Polyethylene terephthalate film or sheet, for the manufacture of magnetic recording tape 39.03 Cellulose acetate and cellulose triacetate film or sheet, for the manufacture of magnetic recording tape	Full duty Full duty Full duty Full duty"

hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
